430. D8.1.1

1/10

**TOESPRAAK DEUR SY EDELE P W BOTHA DVD LV, EERSTE MINISTER, BY GELEENTHEID VAN DIE NASIONALE MIELIEPRODUSENTE ORGANISASIE SE JAARKONGRES TE KLERKSDORP OP 18 MAART 1982**

Mnr Voorsitter, Dames en Here,

In talle lande van die wêreld bestaan vandag onsekerheid op ekonomiese gebied en werkloosheid op groot skaal. Groot getalle van die mensdom is onderworpe aan hongersnood. Slegs 'n paar lande slaag nog daarin om voedselproduksie op so 'n peil te handhaaf dat hulle kan uitvoer.

Vir my as iemand wat op 'n Vrystaatse mielieplaas gebore en groot geword het, is dit 'n bron van dankbaarheid en trots dat ons landboubedryf so 'n groot stabiliserende rol in ons land speel. Daarom spreek ek my meegevoel uit met die boere wie as gevolg van die hittegolf en droogte, verliese gely het.





Ons land gaan ook tans deur 'n moeilike ekonomiese fase. Maar die Staat sal binne sy finansiële vermoë simpatiek na die belange van die Landboubedryf kyk. Die Regering het reeds die Jacobs Komitee versoek om die implikasies van die droogte te ondersoek en aanbevelings te maak.

Die landbou in Suid-Afrika is dikwels onderhewig aan skerp wisselende klimaatstoestande. Dit is ook in 'n belangrike mate aangewese op die wêreldmark vir die afset van sy produkte, waar hy met strawwe konkurrensie, prysskommelings, resessietoestande en wisselkoersveranderings te kampe het. Aan die insetkant het die landbou, net soos ander bedrywe, te make met steeds stygende koste waarvan 'n deel ingevoerde inflasie is. Om te verseker dat die landbou soos in die verlede in staat sal wees om die Republiek teen redelike pryse feitlik selfversorgend te hou wat voedselproduksie

betref, en sy posisie as 'n belangrike verdiener van buitelandse valuta te handhaaf, sal diè bedryf die eise van die tyd slegs kan ontmoet indien hy hom die mees effektiewe aanwending van produksiefaktore as mikpunt stel. Dit behels onder meer die optimale benutting van die bodem, die toepassing van kostebesparende maatreëls, gesonde finansieringspraktyke en groter bestuursvaardigheid.

Die Regering het hom wèl verbind tot die beginsel van vrye mededinging, binne die breë beperkinge wat 'n geleide ekonomie meebring. Die aard en die riskantheid van die landbou en die strategiese belangrikheid daarvan, is egter sodanig dat sekere regulerende maatreëls nodig is ten einde die bedryf in landsbelang lewenskragtig te hou. Die beheerraadstelsel kragtens die Bemarkingswet is die instrument wat die Staat in

die hande /...



die hande van die landbou geplaas het om hierdie doel te verwesenlik. Die beskikbaarstelling van hierdie hulpmiddel tot die landbou, het egter 'n groot verantwoordelikheid meegebring. Dit is naamlik die plig van die landboubeheerrade om die magte wat aan hulle toevertrou is, met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid toe te pas sodat die belange van ander sektore van die ekonomie nie benadeel word nie. In die lig van die belangrike posisie wat die mieliebedryf in die landbou naas ander bedrywe in die algemene landsekonomie beklee, moet diè bedryf, beide wat insette en uitsette betref, sy bedryfsstrategie in landsbelang so beplan en toepas dat dit bevorderlik sal wees vir ekonomiese groei op die langtermyn. Deur dit te doen sal

die mieliebedryf/...

die mieliebedryf meehelp om werksgeleenthede binne en buite die landbou te skep; sal hy die afset van mielies en mielieprodukte bevorder en sal hy 'n gesonde ontwikkeling van sekondêre bedrywe wat nou aan hom verwant is, verseker.

Vertroue

In hierdie proses is dit noodsaaklik dat daar te alle tye tussen die beheerrade, die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, die Ministerie van Landbou en Visserye en die Staat, noue samewerking en 'n posisie van vertroue sal bestaan.

By die toepassing van hul skemas kragtens die bepalings van die Bemarkingswet, vervul die beheerrade 'n sleutelrol in die bemarking van landbouprodukte en word hulle hierin bygestaan

deur die/ ...



deur die landboukoöperasies wat 'n integrerende deel van die bemarkingstruktuur vorm. In hierdie verband is die mieliebedryf, en die rol wat die Mielieraad vervul, 'n baie goeie voorbeeld.

Bemarking

Wanneer 'n mens die afset van landbouprodukte beskou, dan moet jy jou strategie so beplan en inrig dat dit deeglik rekening hou met die verskil in die aard van binnelandse en buitelandse bemarking. Wat binnelandse produksie en bemarking betref, vind die konkurrensie plaas tussen Republiek-gebonde bedrywe. In die geval van invoere is daar maatreëls ingebou om nie alleen die binnelandse bedrywe teen onregverdige mededinging te beskerm nie, maar ook om die

ontstaan en/ ...

ontstaan en ontwikkeling van noodsaaklike plaaslike bedrywe aan te moedig en dit vir hulle ekonomies lewensvatbaar te maak. Sonder om die individuele onderneming sy inisiatief en eie strategie te ontsê, is dit egter nodig dat ons na buite oorkoepelend 'n verenigde en gekoördineerde front openbaar. Ek vind dit derhalwe noodsaaklik dat uitvoerbedrywe, hoewel hulle onderling met mekaar mag kompeteer, die grootste mate van samewerking, harmonie en goedgesindheid op die uitvoermark moet openbaar.

In die mieliebedryf het daar na jare van spanning en stryd, die Nasionale Mielieprodusente-Organisasie (NAMPO) ontstaan, wie se oogmerk dit moet wees om die belange van die mielieboer te bevorder sonder om diè van ander landboubedrywe

of ander/ ...



of ander sektore van die ekonomie te benadeel. Met ander woorde, die bevordering van die breëre landsbelang moet altyd die deurslaggewende oorweging wees en bly. Om diè rede is dit noodsaaklik dat daar deurlopend noue skakeling enersyds tussen NAMPO en die oorkoepelende landbou-organisasie, naamlik die Suid-Afrikaanse Landbou-unie sal bestaan en andersyds oorleg en koördinering tussen die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en die organisasies wat die ander sektore verteenwoordig. Alleen op diè wyse sal verhoed word dat ons ons kragte verspil en ons strategie fragmenteer, en verseker dat die beste voordele vir die land en al sy mense beding word.

Ek het/ ...

Landbou - eiesoortig

Ek het vroeër verwys na die Regering se verklaarde beleid van 'n vrye markstelsel, maar terselfdertyd gewys op die eiesoortige aard van die landbou wat sekere regulerende maatreëls regverdig. Ek wil egter beklemtoon dat hierdie maatreëls nie net vir die landbou geld nie. [Die Republiek se voortbestaan word uit verskeie oorde bedreig - en laat ons daaroor geen illusies hê nie.] Dit is derhalwe gebiedend noodsaaklik dat ons nie net aan ons militêre weerbaarheid die hoogste prioriteit sal gee nie, maar ook aan ons ekonomiese weerbaarheid. [Daarom pas die Regering 'n matige en selektiewe nywerheidsbeskermingsbeleid toe wat, onder meer, werkgeleenthede vir ons plaaslike bevolking skep, buitelandse beleggings aanmoedig en die binnelandse vestiging van veral strategiese bedrywe bevorder. Hierdie beskermingsbeleid

word egter/ ...



word egter deurgaans met groot omsigtigheid toegepas om te verseker dat 'n hoë peil van doeltreffendheid gehandhaaf sal word ten einde te verseker dat die plaaslike bedrywe, op die lang termyn, nie alleen teen redelike pryse in eie behoeftes sal voorsien nie, maar in staat sal wees om met sukses op die internasionale mark mee te ding. Dit is dus duidelik dat by die toepassing van 'n effektiewe beskermingsbeleid, nie toegelaat kan word dat onder meer landbouprodukte, boerderybenodigdhede en ander verbruiksgoedere ons mark oorstroom en die plaaslike bedrywe versmoor nie. Dit is ook noodsaaklik dat daar geen onnodige beletsels op ons binnelandse bedrywe geplaas moet word om hul produkte op internasionale markte te verhandel nie. Daarom dan het die

Regering / ...

Regering reeds by verskeie geleenthede sy teenkanting teen handelsboikotte uitgespreek en beveg ons dit sover dit binne ons mag is. Dit vrg baie tyd en energie, sowel as behendige beplanning

Die handhawing van 'n weerbare en lewenskragtige landboubedryf is vir die Regering 'n saak van hoë prioriteit, nie alleen om sodoende in die land se toenemende voedselbehoeftes te voorsien nie, maar ook weens die invloed wat die welstand van hierdie sektor op menige ander sektore van die volkshuishouding uitoefen; die besondere bydrae wat landbou-uitvoerverdienste tot die betalingsbalans maak; en die werksgeleenthede wat die sektor bied. Dit is ook so dat 'n groot deel van ons bevolking oor geslagte heen, 'n liefde vir die grond ontwikkel het. Nie alleen het dit sy stempel

sterk op die/...



sterk op die plattelandse bevolking afgedruk nie, maar het dit ook oor die algemeen 'n verrykende invloed uitgeoefen op die nasionale karakter van ons volk. Om al hierdie redes is dit noodsaaklik dat ons 'n gesonde landboubedryf in Suid-Afrika in stand hou.

Republiek se Ekonomie.

Die ekonomie van die Republiek het oor die afgelope aantal jare 'n besonder sterk groeiperiode beleef, selfs ten spyte van die algemeen swak ekonomiese toestande in die volkshuishoudinge van sy vernaamste handelsvennote. Die bydrae van landbou, bosbou en visserye tot die bruto binnelandse produk van die Republiek en Suidwes-Afrika het oor die afgelope dekade gestyg van R1,2 miljard in 1971 tot R4,9 miljard in 1981. Alhoewel hierdie bydrae slegs ongeveer 7% van die totale bruto binnelandse produk uitmaak, kan die

waarde van/ ...

waarde van die landbousektor en sy invloed op die landsekonomie nie bloot hieraan gemeet word nie. Die verhouding waarin hierdie sektor tot die finansiering-, arbeid-, diensverskaffing- en vervaardigingsektor staan is ook van groot belang. Die landbousektor het ook deel gehad in die welvaart wat ons land in onlangse jare beleef het. So byvoorbeeld het die kapitaalbate in die landbou oor die afgelope 5 jaar met nagenoeg 60 persent toegeneem en staan dit tans op bykans R30 miljard. Die bruto waarde van landbouproduksie het oor die afgelope dekade meer as viervoudig toegeneem van R1,5 miljard in 1970/71 tot R6,6 miljard in 1980/81. Van hierdie totaal verteenwoordig mielies 25% en ander akkerbouprodukte 23%. Veeteeld maak 37% uit en die vleisbedryf, soos in die geval van mielies, bedra 25% van die totaal.

Die totale/ ...



Skuldlas.

Die totale skuldlas van boere beloop na raming ongeveer R4 miljard en van hierdie bedrag word 18% deur die Landbank, 23% deur landbou-koöperasies en 21% deur handelsbanke gefinansier. Die beleggingsmoontlikhede van finansiële instellings, hul leenvermoë aan die privaatsektor en die ekonomiese welstand van die land in sy geheel word in 'n belangrike mate geraak deur die wel en weë van die landbousektor. Waar die Landbank aanvanklik grootliks befonds is deur bewilligings van die Staat moet hy tans ook op die ope geld- en kapitaalmark vir fondse meeding. Alhoewel dit Regeringsbeleid is dat die landbou, weens wisselende klimaatstoestande en die strategiese belangrikheid van die bedryf, steeds finansiering teen begunstigde

rentekoerse/...

rentekoerse moet kry, is dit ook so dat in die strewe na 'n eenvormige monetêre beleid, dit aanvaar moet word dat die rentekoerse van die Landbank, alhoewel teen begunstigde koerse, die tendens in die geldmark sal moet volg. Daar dien verder op gelet te word dat die Staat verskeie waarborge uitgereik het ter vergemakliking van die finansiering van onder andere die graansilobedryf. ~~en uitvoerfinansiering~~.

Die landbou speel nie alleen 'n rol in die finansiële sektor nie maar is ook van belang as 'n afsetgebied vir nywerheidsprodukte en dienste. In 1981 is bykans R2,6 miljard deur boere aan intermediêre goedere en dienste bestee. Die voerbedryf, kunsmis-, dip-, en spuitstofvervaardigers is in 'n baie groot mate op die landbousektor vir die afset van hul produkte aangewese.





Gedurende 1981 het boere veevoer ter waarde van R638 miljoen, misstowwe ter waarde van R531 miljoen en landbouchemikalieë ter waarde van R120 miljoen van voorgenoemde bedrywe aangekoop. Verder het die landbousektor R433 miljoen aan brandstof, R103 miljoen aan pakmateriaal en R371 miljoen aan onderhoud en herstel van masjinerie bestee, en is nuwe voertuie ten bedrae van R134 miljoen en masjinerie en implemente ter waarde van R657 miljoen vir gebruik in die landbou aangekoop.

*Ekonomiese groei laer.*

Met die vooruitsig dat reële ekonomiese groei in 1982 heelwat laer sal wees as oor die afgelope aantal jare sal die landbou ook sy verwagtinge hierby moet aanpas en moet hy, soos ander

sektore, steeds groter doeltreffendheid en vindingrykheid in die aanwending van sy produksiemiddele nastreef sodat hy geredelik markte vir sy produkte kan vind en uitbou.

Vervaardigingsbedrywe

Daar is ook menige vervaardigingsbedrywe wat in 'n mindere of meerdere mate hul grondstowwe van die landbou verkry en diensbedrywe wat op die hantering en vervoer van landbouprodukte staatmaak. Die voedsel-, drank-, tekstiel-, tabak-, en skoeiselbedryf is onder andere direk afhanklik van die landbou vir insette en as ons daarop let dat een-derde van alle private verbruiksbesteding aan voedsel, drank en tabak en 'n verdere 10% aan klerasie en skoeisel bestee word, is dit duidelik watter groot invloed landbouproduksie op die volkshuishouding uitoefen.

Die totale/ ...



Graansilo kapasiteit.

Die totale graansilo kapasiteit in die land beloop tans 12,8 miljoen ton en terwyl 87% van die mielie-oes in losmaat gehanteer word, is die daarstelling en instandhouding van 'n gesonde graansilobedryf noodsaaklik. Die huidige leningsbedrag wat jaarliks deur die Landbank vir hierdie doel beskikbaar gestel word is R50 miljoen, maar die rasionalisering van die graansilobedryf en sy finansieringsbehoeftes is aangeleenthede wat op 'n deurlopende grondslag die aandag van die Graansilokomitee geniet. Op aanbeveling van diè Komitee het die Regering dan ook baie onlangs besluit om 'n Komitee van Ondersoek bestaande uit verteenwoordigers van die belanghebbende instansies, onder die voorsitterskap van 'n deskundige in

bedryfsingenieurswese/...

bedryfsingenieurswese te benoem, wat 'n omvattende ondersoek sal instel na die bestaande struktuur en toekomstige uitbreiding van graansilofasiliteite, binnelands sowel as by uitvoerhawens.

Die landbousektor is 'n direkte werksverskaffer vir naastenby 15% van die ekonomies bedrywige bevolking van die land en is derhalwe nie alleen 'n belangrike bron van inkomste vir 'n groot deel van die bevolking nie maar huisves ook self 'n gedugte verbruikerskorps.

Die uitvoerverdienste van onverwerkte en halfverwerkte landbouprodukte word vir 1981 effens laer beraam as die R2 miljard van 1980. Vir 1981 is die verwagting dat die

vry-aan-boord-waarde/ ...



vry-aan-boord-waarde van mielie-uitvoere nagenoeg R688 miljoen sal beloop. Mielies was dus die vernaamste landbou-uitvoerproduk, gevolg deur suiker en wol ter waarde van R226 miljoen en R220 miljoen onderskeidelik.

Teenoor die uitvoere van landbouprodukte ter waarde van R2 miljard in 1980, was invoere van landbouprodukte slegs R200 miljoen en voorsien diè sektor dus nie slegs in 'n baie groot mate in ons voedselbehoeftes nie maar maak hy ook 'n aansienlike bydrae tot die totale uitvoerverdienste van die land.

Ten spyte daarvan dat landbouproduksie so 'n sentrale posisie in die volkshuishouding beklee, berus die ondernemers-verantwoordelikheid vir hierdie bedryf by slegs 0,3% van die bevolking, oftewel nagenoeg 71 000 boere.

Slegs ongeveer/ ...